My ..... se geestelike lewe ondersoek.

Gee jouself by elke vraag 'n punt uit 5. Aan die einde van die vrae tel jou punte op en kyk hoeveel jy uit 40 het. Die vrug van die Gees waarby jy vir jouself die laagste punte gegee het, is die vrug/deugde waaraan jy moet aandag gee.

Punt: ***1 = baie swak/ongesond; 2 = swak; 3 = lou/middelmatig; 4 = goed; 5 = baie goed/gesond***

Vrug van die Gees	Punt:
Liefde – Is ek gemotiveerd om vir ander te doen, soos wat Jesus vir my gedoen het. Of gee ek, sodat ek weer kan terug ontvang?	
Vreugde – Ervaar ek vreugde in my lewe op 'n gereelde basis, of is my vreugde afhanklik van dinge en situasies wat goed uitwerk vir my?	
Vrede – Voel dit of ek besig is om te sink, soos wat die golwe van onrus en boosheid oor my lewe breek, of ervaar ek die vrede wat alle verstand te bowe gaan (Fil. 4:6-7)?	
Geduld – Word ek maklik geïrriteerd en ongeduldig wanneer dinge nie uitwerk soos wat ek graag wil hê dit moet nie, of is ek in staat om die lewe se irritasies vanuit 'n geestelike/Goddelike perspektief te sien?	
Vriendelikheid – Is dit deel van my lewensdoel om ander mense met vriendelikheid te dien, of is ek te gefokus op my eie behoeftes, begeertes en probleme, dat die goedheid van God nie kan oorvloei na ander toe nie?	
Goedhartigheid – Reflekteer my lewe die goedheid en heiligheid van God?	
Getrouheid – Is daar areas in my lewe wat skynheiligheid/huigelary verteenwoordig, of is my lewe herkenbaar deur my geloof in Jesus?	
Nederigheid – Sien ander my as 'n nederige mens, wat toelaat dat die genade van God deur my vloei of sien hulle my as iemand wat parmantig en hardkoppig is?	
Selfbeheersing – Wat beheer my lewe? My eie vleeslike (sondige) begeertes en behoeftes? Of gee ek beheer oor aan die Heilige Gees om beheer te vat van my hele lewe.	